21 November 2021

Gr R tot Gr 3

Wat **sê** jou lewe!

2 **Sameul** 23:1-7

voorbereiding

Neem saam:

- Stomstreke leidrade
- Voorbeeld van 'n getuigskrif
- Vrugte
- Prent aan einde van les
- Inkleurkryte

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

gesels **tyd**

Ons begin vandag deur stomstreke te speel.
Deel die groep in spanne in. Gee die kinders kans om kaartjies te trek met of Bybelstories, liedjies of bekende Bybel karakters op. Hulle moet aan hulle span verduidelik wat op die kaartjie staan, sonder om woorde te gebruik. Hulle mag beduie of woorde probeer uitbeeld. Gee so 'n minuut kans om te verduidelik, en gee dan leidrade as dit moeilik is.
Voorbeelde van stomstreke:
Bybelstories: Moses in die biesiemandjie of Dawid en Goliat
Liedjies: My God is so groot, of Daars vissies in die water
Bybel karakters: Saggeus of Jesus
Gebruik dinge wat vir die klas bekend sal wees.

Wanneer ons stom streke speel, kan ons vir mekaar verduidelik wat aangaan en omdat mense en stories sekere karakters het of dinge wat gebeur, kan ons die name van stories en mense uitken.

Kom ons doen nog 'n oefening:
Raai wie is dit.
Gee kenmerke of leidrade van verskillende mense of gebeure en kyk of die kinders kan raai van wat of wie gepraat word. Dit kan kenmerke van diere wees, soos byvoorbeeld: Leeu: Hy is groot en sterk. Hy is ook bekend as die Koning van die diere. Hy het maanhare en kan hard brul.
Of nog 'n voorbeeld van mense: Siya Kolisi – Hy is 'n goeie rugby speler. Hy was kaptein toe die springbokke gewen het in 2019.

gesels **tyd** (vervolg)

Die eienskappe van mense en diere, maak dat mens mense en diere kan onderskei. Wanneer ons na hul eienskappe kyk, weet ons of iemand goed of sleg is.

Wanneer iemand by 'n skool weggaan of wanneer mamma of pappa van werk verander, sal hulle van die vorige skool of werk 'n getuigskrif kry. In die getuigskrif skryf die werk of skool oor hulle goeie einskappe en wat hulle uitsonderlik gedoen het. By die volgende plek gee hulle dit weer in en dan weet die mense by die nuwe plek waarin hulle goed was en hoe hulle gewerk en opgetree het. Ons moet altyd so lewe dat mense oor ons lewe sal skryf: Hy/sy was lief vir die Here en altyd bereid om mense te help.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Daar's vissies in die water
Daar's vissies in die water
Kyk hoe swem hul rond
Daar's voëltjies in die lug
En daar's diere op die grond
Daar's blomme in die velde
Daar's riete in die vlei
Wie sou dit als gemaak het
Die Here, ja dis Hy!

Liedjie: Ek is so bly
Ek is so bly oor die vrede wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly
Ek is so bly oor die vrede wat ek kry
Deur aan die Here oorgegewe te bly
En ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie
O ja ons stap nou waar die Here ons lei
En omdraai sal ons nie
Kom, kom, kom
Voorwaarts kinders van die Here (x3)
Ons gaan waar die Here ons lei

BYBEL tyd

Reg deur die Bybel leer ons van verskillende karakters en mense wat die Here geroep het om Sy volk te lei. Een baie bekende persoon was reeds as jong seun geroep om vir God te werk. Kom ons kyk of julle kan agter kom wie dit was:
Hy was baie jonk toe die Here hom geroep het. Hy het rooi hare gehad. Hy het skape opgepas. God het hom laat salf as 'n koning en hom gekies bo al sy boetjies wat groter en sterker as hy was. Hy het 'n reus oorwin. Kan julle raai wie dit was?
Dis reg, dit was Dawid.

Die Bybel leer ons dat Dawid ook verkeerde dinge gedoen het, maar dan het hy besef hy sondig teenoor God en sy hart was seer daaroor. Hy het gebid en vir die Here gevra om hom te vergewe. Dawid was lief vir die Here. Die Bybel leer ons ook dat Dawid 'n man na God se hart was. Ons lees van Dawid in die Ou Testament in die boeke van Sameul. En vandag gaan ons 'n stukkie oor Dawid lees wat vir ons vertel hoe 'n kind van God se lewe lyk.

Kom ons lees van Dawid in die boek 2 Sameul
Lees vir die kinders voor uit 2 Sam.23:1-7

In die gedeelte sê Dawid dat God hom gesalf het. Wanneer Hy gepraat het, was dit God wat deur hom gepraat het. Omdat hy lief was vir die Here, was alles wat hy gesê en gedoen het, soos die morelig – alles was mooi helder en skoon en het mense opgewonde gemaak. Dawid het geweet dat al was hy klein en maer dat sy krag in God gelê het. Sy vreugde was in die Here. Alles wat goed en mooi was, het hy van God ontvang.

Hy beskryf ook 'n lewe van iemand wat nie vir God ken nie, as 'n lewe van dorings wat weggegooi moet word, waarvan niemand hou nie.

Wanneer ek en jy vir Jesus in ons harte innooi, dan moet ons lewe ook getuig en vertel van Jesus se liefde. Wat ons sê en doen, moet vir ander van Jesus se liefde wys. Ons moet ons vreugde in Jesus kry en weet dat ons niks sonder Hom kan doen nie.

Het jy al vir Jesus in jou hart ingenooi? Is jy lief vir Hom? Kan mense in jou lewe sien dat jy graag goed doen vir ander en Jesus se liefde deel? Net jy sal weet of jy lief is vir Jesus en of jy lewe soos Hy van jou vra. As jy nie so lewe nie en jy besef jy doen verkeerde goed en maak mense seer met wat jy sê en doen, kan jy ook vir Jesus bid en jammer sê soos Dawid gemaak het. Jesus kan enige harde hart verander en vol liefde maak.

doen & leer tyd

'n Boom wat vrug dra

Net soos wat mense sekere karakterienskappe het, so ken ons bome ook aan verskillende vrugte. Kyk of jy die regte vrugte by die regte bome kan pas.

Ons kan nie sê ons is lief vir God, maar ons baklei met ons boetie of sussie of maatjie nie. Alles wat ons doen, moet getuig van wie ons is en vir wie ons lief is.

Moedig die kinders aan om vir iemand te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U alles van my ken. Help my om so te lewe dat mense vir Jesus en U liefde in my sal raaksien.
Amen



‘n Boom wat vrugte dra.

Bome word geken aan die vrugte wat hulle dra.

Pas die vrugte by die regte bome.